# SONDAGSKOOL LES - God is Heilig

**Doel van les:**

- In hierdie week se les praat ons oor God as 'n heilige God.

**Ysbreker:**

- **Dinkskrum:** Beplan as groep die perfekte dag. Hoe sal dit lyk en wat sal hulle doen?

Kry terugvoering.

Vandag gaan ons na God as 'n heilige God kyk. Heilig kan beskryf word as perfek en anders as enige ander. Terwyl julle die ysbreker gedoen het, kon julle dalk agterkom dat almal se idee van perfek anders lyk, maar God se standaard is die ware standaard. Alles wat God doen, is perfek en sonder sonde – en dit is wat Hom heilig maak.

**Groepwerk: Blokkiesraaisel oor heiligheid**

Kry terugvoering.

God se heiligheid maak Hom liefdevol, goed, genadig, regverdig en wys.

Vrae in groep:

- Hoe sou ons lewens anders gewees het as God nie heilig was nie?
- Sal jy sê jou woorde is heilig?
- Is jou gedagtes heilig?
- Is dit wat jy kyk heilig?
- Is dit waarna jy luister heilig?

Ons gaan net terugvoering vra op eerste vraag.

Sluit af in groepe met gebed.